
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die oorwinning van die O.B. is die oorwinning van die Afrikanerdom.*




*As elkeen getrou is, sal die hele O.B. getrou wees.*

EERSTE JAARGANG. DINSDAG, 30 DES. 1941. No. 8.

# Enkelinge Mag Ondergaan maar die Afrikanerdom Sal Voortgaan

## Feesrede van die Kommandant-Generaal

**Die aand van 15 Desember j.l. het die Kommandant-generaal op Paardekraal, Krugersdorp, as hoofspreker opgetree. Daar was etlike duisende feesgangers aanwesig en onder langdurige toejuiging het die Kommandant-generaal die verhoog bestyg.**

Die Kommandant-generaal het begin deur daarop te wys dat die feesgangers daar teenwoordig is kragtens 'n gelofte — 'n gelofte waarvan die krag en verpligtings met die loop van jare toegeneem het. Destyds toe die gelofte gemaak is, was dit bindend op sowat 470 man wat dit afgelê het, maar vandag is dit bindend op meer as 'n miljoen. As die gelofte miskien nog sou verontagsaam word, dan mag dit veral nie op Paardekraal geskied nie. Daar is 'n hoop klippe op mekaar gegooi en elke klip was 'n getuie. Oor die kliphoop is die monument gebou, maar later het die vyand van die Afrikanerdom die klippe kom steel en versprei, maar daardeur is ook die krag, die getuies, van Paardekraal versprei, en vandag is dit nie tot Paardekraal beperk nie, maar tot ver oor die land versprei.

Spreker wil graag 'n vergelyking maak tussen 15 Desember 1838 en 15 Desember 1941. Daar was sowat 470 man, bewapen met wapens waarna ons vandag miskien nie eers sou kyk in die moderne oorlog nie. Hulle het in spanning daar in die laer 'n aanval afgewag van 'n dapper, wrede en bloeddorstige vyand, die gevreesde leër van Dingaan, wat destyds 'n onoorwonne mag was. Daar was vaders van gesinne, seuns van moeders wat bedruk en swaarmoedig gevoel het, omring deur onverskrokke bloeddorstiges. Daar kan aangeneem word dat hulle nooit die nag geslaap het nie, want daar was soveel op die spel, nie net hul lewens nie, maar die voortbestaan van die Afrikanerdom. As hulle oorweldig moes word dan was alles tevergeefs, dan was die Groot Trek op 'n end. Met daardie besef het hulle volgehou en deur geveg, want hulle was oortuig dat God 'n roeping met hulle gehad het—daardie nag het hulle tot daardie besef gekom!

**Vandag het ons weer daardie verantwoordelikheid, die verantwoordelikheid wat ons geërf het en ons weet dat die Afrikanerdom se lot weer in die weegskaal is.** Daar is 'n wêreldoorlog aan die gang — daar is ondergang en opkoms; wêreldryke steier onder mokerhoue daar ver en ons moenie dink dat so 'n klein volkie soos ons onbekommerd sy weg sal kan gaan nie. Laat ons vertrou op God, want ons weet die uiteindelike beslissing lê nie in ons hande nie.

### ENKELING SE PLIG

Daar kom tye in die lewe wanneer sekere deugde aangekweek en aangeprys moet word, dan kom weer ander tye waarin ander deugde aangekweek en aangeprys moet word. **Vandag is die grootste deug daardie deug van offervaardigheid.** Nasieskap beteken deelgenootskap en die belang van die indiwidu is nie noodwendig die belang van die volk nie. Daarenteen kan dit nie met 'n massa Afrikaners sleg gaan en tog goed gaan met die Afrikanerdom nie. Elkeen moet sy plig doen teenoor die volk en so was dit die geval met die manne by Bloedrivier; elkeen moes sy posisie van die volkslaer verdedig. As dit op die anderkant sleg gegaan het kon dié wat duskant was nie sê dat hulle daar niks mee te doen het nie, want as die vyand een plek in die laer gekom het dan moes almal saam daaronder ly — elkeen se belang was die belang van die hele laer — elkeen was 'n held en as ons een held verkleineer, verkleineer ons onsself. Destyds was dit een vir almal en almal vir een, en vandag is dit weer so. As daar aan Paul Kruger gedink word, dink mens aan die feit dat hy in ballingskap moes sterf, president Steyn moes die laaste jare van sy lewe steeds strydende vir sy volk se regte, onder verdrukking deur 'n vreemde moondheid, deurbring, De Wet was 'n gevangene omdat hy vir die vryheid van sy volk geveg het, Jopie Fourie moes teen die muur kom vir dieselfde ideaal — as mens aan hierdie helde dink, dink jy nie aan 'n roemryke einde nie, maar wel daaraan dat hulle almal moes ingee. **Hulle het nie die weg van veiligheid gevolg nie maar die weg van gevaar en dit was die redding van die Afrikanerdom. Ons dink daaraan dat die roem van Bethlehem nie ontstaan het uit die hosannas wat in die strate van Jerusalem uitgeroep is nie, maar uit wat plaasgevind het op Golgotha.**

### 'N VASTE PAD

Ons is vanaand by Paardekraal, geskiedkundige grond — 'n heiligdom. Ons weet in watter toestand ons verkeer en ons gee niemand die skuld nie, maar daar is menigeen wat graag met ons saam sou wou feesvier wat nie hier kan wees nie. Sommige is ver uit hul vaderland om te veg vir 'n saak waarmee hulle tog nie simpatie het nie — ander sit agter die doringdraad. Ons vier weer vanaand fees met onsekerheid in die hart soos ons voorouers die nag van 15 Desember 1838 moes deurbring. **Hulle was nie roekeloos nie maar beslis en ons as nasate van gelowiges weet een ding en dit is dat ons nie roekeloos moet wees nie maar beslis waar dit die belange van die volk geld.** Deur omstandighede is die Afrikaner vandag gedoem tot passiwiteit, maar die God bewaar ons dat ons passiwiteit nie met pasivisme verwar nie, en ook nie passiwiteit met angsvalligheid verwar nie! **God het ons volk hier geplaas met 'n roeping, en daar is 'n vaste pad wat ons moet gaan al lei dit ook by afgronde verby.** Daar lê tans 'n sluier oor dié pad, maar niemand wat 'n man is, sal skrik vir paaie wat verby die afgrond lei nie. Langenhoven het gesê dat manne soos Kruger, Steyn en De Wet die pad van moeilikheid gekies het en dit het die volk tot die hoogtes gelei. **Die maklike pad is die afdraende pad, maar die afdraende pad lei nie tot hoogtes nie, dis die steil pad wat ons moet kies om bo te kom.**

Ons staan weer op die geskiedkundige grond waar ons voorouers in 1880 gestaan het, dis weer 15 Desember en ons staan weer aan die vooraand van groot beslissings vir ons volk. Hulle was vol vaste vertroue al moes die pad ook deur die afgrond gaan — ons het daardie selfde vertroue. Ons wil nie in die verlede leef nie maar ons bou op die verlede, en ons bou vir die toekoms. Wat ons voorlê weet ons nie. Daar wag gevare en ons verkeer in spanning en net so min as wat die 470 rustig in daardie laer kon slaap, net so min kan ons vanaand gerus wees. Ons weet van gevare wat ons omring maar ons het vertroue in die God van ons vaders.

Die klippe van hierdie gedenkteken van Paardekraal moet getuies wees maar saam

*Vervolg op bls. 5 kol. 1.*



## Lekker en Gesonde Wyn

*10 JAAROUD PORT in 30 Bottel Vaatjie vir 43/6 (ryloon in Unie betaald.)*

*16 JAAROUD BRANDEWYN, 12 Groot Bottels 87/6 (ryloon in Unie Betaald.)*

GEBRS. BRINK BPK., - - MONTAGU

---

## DIE GOEIE HOOP

(KOöP.) HANDELSHUIS, BPK.

Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814.

Hoofweg, Durbanville. Foon 60.

V I R

JOHN BROCKMAN EN KIE SE Wingerdswawel — Meta — Glensel — Loodarseniek — Black Leaf 40" en 155" Snoeiskêre — Wingerdskêre, ens.

---

### Algemene Handelaars

FOON 5-4294

**J. J. DE GOEDE,**

STASIEWEG 51 — OBSERVATORY

*Probeer ons Eersteklas Kruideniersware en Ondersteun 'n Afrikaner.*

---

DIE

## KLEREMAKER EN UITRUSTER VAN KAAPSTAD

DIE AFRIKAANSE KLEREMAKER — KLEED SUID-AFRIKA

*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*

*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning.*

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

---

## Hou Kop!

# NUWEJAAR

*BESTEL ONMIDDELIK*

**SCHOEMANNELO-DRANK**

*VIR DIE*

**FEESTYD**

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

**SCHOEMANNELO-DRANK**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

---

## EINDELIK

DIE BOEK waarna tienduisende lesers maande lank al voor uitsien.

# Gister die Heldejare

deur S. IGN. MOCKE.

*Hierdie boek is 'n VERVOLG op*

**IN DIE VUURLINIE**

Is dit nodig om meer as dit te sê? As u „IN DIE VUURLINIE" gelees het, sal u die verleiding kan weerstaan om ook hierdie verhaal te lees?

Dit bring dieselfde vlammende idealisme, dieselfde brandende vryheidsliefde en ook hier is——

GENL. CHRISTIAAN RUDOLF DE WET

die oorheersende figuur.

Dit handel oor die jare van ontwrigting, vernedering en armoede ná die Driejarige Oorlog. Die stryd om staande te bly teen die vreemde indringing: Die hoop op die herwinning van die verlore vaderland: Totdat die rebellie van 1914 kom . . .

**DAN IS U WEER MET ERNST IN DIE VELD, ONDER DIE WYE STERRENAGTE, AAN DIE SY VAN SY GELIEFDE GENERAAL.**

U sal Ernst se rit aan die slot van hierdie werk nie vergeet nie: Die opstand is feitlik verby: Die rebelle keer terug na hul huise, maar De Wet het deurgebreek na die noorde: Die jong burger besluit om 'n poging aan te wend om deur die linies van die regeringstroepe te breek om by sy Generaal aan te sluit: U sal elke oomblik in hierdie magtige rit met ingehoue asem volg . . . totdat . . .

DIE REBELLIE GAAN VERBY MAAR

*DE WET is nog daar . . . , . . .*

— Prys 3/9 —

Hierdie is 'n uitgaaf van die A.P.-Sakbiblioteek en word aan intekenare verskaf teen 3/-; aan nie-intekenare 3/9. Teken vandag in en u ontvang hierdie boek en alle verdere uitgawes.

Bestel van:

**DIE AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL,**

Bus 845, Pleinstraat 3, Johannesburg.

105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwe-fonds £90,000
Hoof-antoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTENE

Langstraat 301
KRUIDENIERS-GROENTE en VRUGTE Handelaars
Afrikana Voorsieners
'N SUIWER AFRIKANER BESIGHEID
Foon 3-1393
KAAPSTAD

# O.B. Almanak
## vir 1942

'n Pragstuk met afdruk van 'n skildery deur Coetzer op omslag, wat die O.B. in sy wese en strewe simboliseer. Belangrike datums uit ons geskiedenis sowel as die geboortedae van ons helde word aangedui.

Hierdie almanak is die eerste van 'n reeks en is hoofsaaklik aan ons volksgeskiedenis gewy. Dit sal dien as positiewe propaganda vir die doel en strewe van die Beweging, asook 'n leidraad vir aktiwiteite wat gedurende die jaar deur die organisasie, en veral deur die vroue Kommando's waargeneem kan word.

Geen O.B. lid behoort daarsonder te wees.

**PRYS 2/6 POSVRY.**
**24/- PER DOSYN.**

Bestel van
**O.B. HOOFKWARTIER,**
Voortrekkergebou 403,
JOHANNESBURG, Tvl.

DAGBREEK KARTELS
word gedra deur
DEFTIGE DAMES
Skakel 2-5662
En Maak U Bestelling
DAGBREEK
Dames Hareversorging-Salon
Langmarkstraat 141 KAAPSTAD

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*
**Pro Ecclesia-Drukkery,**
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
*Die Laan, Stellenbosch.*

VOLKSKAS
IS U EIE
BANK!
*Fondse oorskry £1,500,000.*
Hoofkantoor:
**Volkskas-gebou, Sentraalstraat,**
PRETORIA
**Volkskas (Koöperatief) Bpk.**
(Opgerig volgens die Koöperatiewe Wet.)

## DIE O.B. SE STERKTE OP MEER AS 300,000

Die finale opgawes van kommando's in verband met „bedankings'' is nog nie volledig nie. Tot verlede week, wat beskou kan word as die keerpunt omdat talle en talle lede wat bedank het, hulle weer laat inskrywe, was die toestand volgens amptelik voltooide syfers in die Vrystaat 'n vermindering van ongeveer tien tot vyftien persent.

In Transvaal is die getalsterkte ná aftrekking en byvoeging van nuwe lede ongeveer soos in Junie. **Dus geen noemenswaardige verandering nie.**

In Kaapland is ongeveer die helfte van die opgawes nog nie ontvang nie. Die wat reeds ontvang is toon geen verrassende vermindering aan nie. Te oordeel na die opbetaling van ledegeld kan met sekerheid voorspel word **dat Kaaplandse O.B. nie 25 tot 30 persent verloor het nie.**

**Natal het slegs 180 as verlies aangeteken, maar het soveel bygekry.**

**Die totale syfer vir die Unie sal waarskynlik nie onder 300,000 daal nie.**

## GEEN POLITIEKE PARTYE IN GEWESE BOERE-REPUBLIEKE

Die volgende reguit en duidelike antwoord is deur Die Transvaler van 21 November gegee op die vraag van 'n leser of daar in die gewese Boere-republieke politieke partye was:

„Die Vrystaatse Republiek het **geen politieke partye** gehad nie. In die Transvaal is eenmaal 'n **mislukte poging** aangewend om 'n politieke party te stig. Die Afrikanerbond het ook takke in albei Republieke gehad maar 'n politieke faktor van betekenis het dit nooit geword nie.''

**Mense wat dus streef na die herstel van die Republikeinse stelsel van Paul Kruger en Steyn, moet afsien van hul voorneme om die partystelsel in ons toekomstige staat te handhaaf.**

Die Ossewabrandwag se strewe is dan ook nie na 'n eenpartystelsel nie, soos hy beskuldig word nie, maar na 'n **geen-partystelsel.** Alleen in so 'n stelsel sal die burger in staat gestel wees om hom met onverdeelde trou te wy aan die hoogste belange van sy land en volk.

KNIP DIT UIT
**W. J. DU PLESSIS (EDMS.) BPK.**
POSBUS 108, SENEKAL.
*VEEVOERDERS ONTVANG 1/6 RABAT VAN DIE MIELIE-BEHEERRAAD.*

| | |
|---|---|
| NO. 1 GEGRANULEERDE WIT MIELIEMEEL | 180 lbs. 14/- per sak. |
| GEMEEL MEEL VIR VEEVOER (STRAIGHT RUN) | 180 lbs. 11/6 per sak. |
| GEEL BREEKMIELIES | 180 lbs. 12/6 per sak. |
| KOEIMEEL | 150 lbs. 7/6 per sak. |

Hierdie pryse is V.O.S. Senekal Stasie.
*Bankkoers moet by Tjeks gevoeg word.*

**BRANDWAGTE!**
*KEN U MEDE-AFRIKANER OP PAD*
*DEUR HIERDIE KENTEKEN — DIE SLEUTEL TOT GEMOEDELIKE VERKEER EN KAMERAADSKAP*

DIE EERSTE EN ENIGSTE AFRIKANER-EIE MOTORKLUB WAARBY AL-REEDS MEER DAN 6000 AFRIKANER-MOTOREIENAARS AANGESLUIT HET. VIR DIE GERINGE BEDRAGGIE VAN £1 JAARGELD ONTVANG U DIE VOLGENDE:
*Gratis Sleepdiens; Goedkoper Motorversekering; Gratis Regsadvies; Pad- en Roetekaarte; Snelle Aflewerinsdiens van enige soort Motortoebehore en Orige Dele teen Groothandelspryse, en nog Talle Ander Dienste en Voordele.* **SLUIT NOU AAN!**
Voortrekker Motorklub Beperk, Groote Kerk Gebou, Kaapstad.

*AFRIKANER-KLEREMAKER!*
Foon 5-1486
Vir u volgende Pak — Billike Pryse
Werk Gewaarborg — Beste Materiaal
N. C. KOCH
Soutrivierweg 52 — Soutrivier

O.B.
BRAAIVLEIS - AAND!
op die plaas van
H.-Komdt. T. J. E. MARAIS,
Boesmansriviermond,
ALEXANDRIA,
op
Saterdag 10 Jan. 1942,
om 6 n.m.
Boerwors, Koffie, Volkspele,
Toesprake, ens.
Alle goedgesinde Afrikaners
word hartlik uitgenooi.
Kom Seker!!
Kom Geniet Uself!

O.B. Musiekbundel
bevat
22 STUKKE PRAGTIGE
MARSMUSIEK
(meestal met woorde) en 'n portret van
die
KOMMANDANT-GENERAAL.
Prys 6/- stuk.
*Verkrygbaar by*
DIE O.B.-HOOFKWARTIER,
Voortrekkergebou 403, Johannesburg.

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

Die Voortrekker-
Skoenhospitaal
Waarborg Goeie Werk teen Billike
Pryse.
*Die enigste suiwer Afrikaanse Besigheid van sy soort in Kaapstad*
*AFRIKANERS, ONDERSTEUN AFRIKANER BESIGHEDE!*
*FOON 3-0164*
*Langstraat 291, Kaapstad*

# Afrikanereenheid

Die verposing wat daar die afgelope paar weke op politieke gebied was, het ons laat besef dat daar in werklikheid geen verskil tussen Afrikaners is nie, en dat enige stryd wat in die Afrikanergeledere ontstaan, op kunsmatige wyse aangeblaas en gevoed moet word. Verenigd het ons weer die verlede herdenk, en by almal was daar eerbied vir ons volkstradisie en -beginsels op te merk. By die hele vryheidsliewende Afrikanerdom was daar eensgesindheid oor die vryheidstoekoms van ons volk. Almal strewe daarna om 'n nuwe staat in die lewe te roep wat sal aanpas by die aard en karakter van ons volk en die moderne omstandighede — 'n egte Boerestaat waarbinne die Afrikaner tot sy reg sal kom. Oor die vorm van die republiek is ook reeds eenstemmigheid bereik by die grootste deel van die Afrikaners soos verteenwoordig in die eertydse Eenheidskomitee. Waar daar nog groepe Afrikaners is wat oor ondergeskikte punte, soos die vraagstuk van benaming, ens., verskil, is dit van so 'n ondergeskikte belang vergeleke met wat op die spel staan vir die Afrikanerdom as geheel, dat dit op hierdie tydstip niks anders as 'n misdaad sou wees om daaroor te twis nie.

Dit is dan ook in die besef dat daar geen grond bestaan vir enige verdeeldheid nie, en dat die nodige samewerking tussen verskillende organisasies wat tot volksdiens geroepe is, verkry kan word deur onderlinge raadpleging en steun, soos onlangs nog geopenbaar in die Newcastlese tussenverkiesing, dat die Grootraad van die O.B. sy voorstelle aan dr. Malan gedoen het.

Dr. Malan het namens die party sekere voorstelle aan die O.B. gedoen wat moes dien as 'n basis vir verdere samespreking. Die Grootraad van die O.B. het dit behandel, maar gevoel dat die volksaak beter gedien kan word deur gebruik te maak van die eenheid van gees wat bestaan, en die samewerking op 'n meer vrywillige grondslag te plaas. 'n Gedwonge formele eenheid, waar daar reeds in werklikheid eenheid van doel en strewe by die volk bestaan, kan net onnodige wrywing veroorsaak en die volksaak ontsaglik veel kwaad berokken, soos in die afgelope paar maande bewys is. **Die fout wat gemaak is, was dat daar onnodig veel klem gelê is op bepalings in ooreenkomste. Daar is naderhand meer waarde geheg aan die woorde op papier as aan die saak waaroor dit gaan.**

Afrikaners behoort 'n voorbeeld te neem van die Empire-mense in ons midde. Toe die oorlog uitbreek, en daar eenstemmigheid oor doel en strewe by hulle was, **het hulle geen formules gaan opstel om mekaar op papier te bind nie. Hulle het eenvoudig hul geledere vrywilliglik gesluit en elke groep werk op sy eie manier saam in die uitvoering van hul gemeenskaplike doel.**

Maar ons Afrikaners is nie tevrede daarmee nie. Ons wil dinge juis swart op wit sien, en dan baklei ons oor 'n woord hier en 'n woord daar, en netnou is dit 'n hewige getwis wat jou hele saak bederf. Dit was ook die fout by sommige Voortrekkerleiers dat hulle te veel waarde aan skriftelike ooreenkomste geheg het. Daar was diegene van hulle wat juis die Britse erkenning van hul vryheid op papier wou gehad het voordat hulle gerus was. En wat het daardie skriftelike ooreenkomste ooit meer beteken as dat dit bloot geskiedkundige dokumente geword het? Daarenteen was daar Voortrekkers soos Potgieter wat nie aan papier-vryheid geglo het nie, maar aan werklike vryheid deur ervaring.

Laat ons dan ook nie papiermal word in hierdie tyd nie, maar gebruik maak van die eenheid wat daar is, sonder om verdeeldheid te bring oor woorde wat aan die praktyk tog geen verskil sal maak nie. Ons stuur almal op een doel af, en laat ons nie rusie maak oor wie se werk dit nou eintlik is om die republiek te bring nie, of oor hoe dit gebring moet word nie. **Hoofsaak is dat ons 'n republiek wil hê, en dat ons hom gaan kry. Daarna kan die volk besluit wie hy as sy president en regering wil hê.** Dit is die maklikste weg tot eenheid, sowel as tot bereiking van ons ideaal. Ons hoop dan ook dat die gees voorstelle van die Grootraad in hierdie gees ontvang en benader sal word.

# Veertig Jaar

Die nuwe jaar wat ons op die punt staan om te betree, is 'n jaar wat swaar is van verwagting. In hierdie jaar kan die groot beslissing in die wêreldworsteling val,—'n beslissing wat die toekoms van die volkere ongetwyfeld in terme van eeue sal beslis, en daarmee ook die toekoms van ons eie volk.

In die jaar wat verby is, het die oorlogsvlamme wyer en hoër opgeslaan en vandag woed die stryd oor die hele wêreld. Net Suid-Afrika moet nog sy seuns duisende myle ver stuur om aan die verwoesting te kan deelneem. Hierdie eienaardige toestand wat alleen in 'n land moontlik is waar die regering bestaan uit uitlandse mense wat lojaliteit aan 'n vreemde land verskuldig voel, en waar die egte landsburgers in 'n staat van vreemdelingskap verkeer, het ons te wyte aan 'n veroweringsoorlog wat veertig jaar gelede deur 'n proses van uitmoording beëindig is.

In die veertig jaar wat agter die rug lê, het ons dit belewe dat duisende Afrikaners hulle tot so 'n algehele oorgawe laat beweeg het, dat hulle vir die Afrikanerdom op die doodrol geskryf kan word, en ons kan slegs hoop dat daar in hul kroos nog 'n vonkie van nasionale gevoel oorgebly het wat deur nuwe omstandighede weer tot 'n vuur aangeblaas kan word.

Hierdie oorgawe is in die eerste plaas teweeggebring deur die lis wat opgesluit lê in die huigelagtige skyn van grootmoedigheid aan die kant van die veroweraar, en in die tweede plaas deur die Britse stelsels waarmee die Afrikanervolk hom moes bedien het. Soos 'n trop vee wat maar bly maal en maal om 'n deurgangplek te vind, so het ons volk in die afgelope veertig jaar gemaal om uit sy toestand van verknegting los te breek. Dit was egter alles vergeefse moeite, want ons het telkens maar weer op die plek uitgekom waar ons begin het, en wel omdat ons moes veg met die wapens wat ons deur die vyand in die hand gedruk was.

Drie jaar gelede het die Afrikanerdom egter opgestaan uit die as van vernedering. Hy het weer die wapen opgeneem wat deel is van sy volkstradisie en wat hom in staat gestel het om veertig jaar gelede vir drie jaar lank teen 'n oormag van geweld staande te bly. Daardie wapen is die organisering van die Afrikanerdom in Boere-kommando's en in Boere-laers, en daardie organisasie is vandag beliggaam in die Ossewabrandwag, die mobilisasie van die hele vryheidsliewende Afrikanerdom in 'n magtige leër.

Die Regering vrees hierdie leër, want hy is bewus van die krag wat daarin geleë is. Ons kan dus in die jaar wat kom, nuwe bedreigings van owerheidsweë verwag. Van elke brandwag word verwag om vas te staan. 'n Stryd teen die O.B. is 'n aanslag teen die Afrikanerdom, en indien ons toelaat dat hierdie wapen verbreek word, laat ons toe dat die vryheid van die Afrikanerdom hom ontneem word. Elke Afrikaner sal in die jaar wat kom, geroepe wees om binne die Ossewabrandwag sy deel by te dra tot die vrymaking van ons volk. Daardie vrywording is vandag vir ons nie meer 'n ideaal wat in die verte skemer nie; ons ervaar dit reeds byna as 'n werklikheid en of dit in 1942 of wel later verwesenlik gaan word, in hierdie jaar sal die beslissing val om die stryd te beëindig wat veertig jaar gelede op 'n wapenstilstand uitgeloop het.

## *WAKKER O.B.-KOMMANDO'S*

Die twee kommando's van Montagu het by wyse van 'n buitengewone funksie onlangs die bedrag van £225 ingesamel vir die doel om 'n terrein aan te koop of 'n gebou op te rig vir Ossewabrandwag-funksies. Na hoofkommandant A. J. Jonker berig, sal daar nog verdere pogings aangewend word om die fonds te styf.

Hierdie bewys van lewe sal as 'n bemoediging vir die hele O.B. dien.

# Kommandant-Generaal Roep Vryheidsdag Uit

## 27 Februarie sal Toekomsaanvaarding van Ganse Afrikanerdom Wees

**Die volgende oproep is deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, uitgevaardig:**

**,,Namens die Ossewabrandwag doen ek op die republikeinsgesinde en vryheidsbewuste Afrikanerdom 'n beroep om Majubadag, 27 Februarie 1942, as vryheidsdag te vier. Laat ons dwarsdeur ons vaderland aantree op daardie dag, man en vrou en kind, met die bewussyn dat die dag van vrywording vinnig nader.**

**,,Die voorneme is om D.V. op Majubaberg 'n groot sametrekking te hou vir almal wat kan kom. Wie nie daarheen kan gaan nie, sal in hul eie distrikte byeenkom.**

**,,Die organisasiewerk vir alle sametrekkings, sowel daarbuite as in die interneringskampe, sal deur die plaaslike Ossewabrandwag onderneem word.**

**,,Nadere reëlings sal later bekend gemaak word.**

**,,Laat Majubadag 1942, die eerste jaar van die anti-kapitalistiese republiek, die vryheidsdag van die Afrikanerdom wees, binne of buite die Empire se interneringskampe."**

Deur die Grootraad is aan hoofgeneraal dr. F. D. du Toit van Zyl en A.K.G. J. D. Jerling opgedra om die organisasie in verband met die viering van Vryheidsdag waar te neem.

Die hoofnommer van die feestelike program is die vryheidsvuur wat van Majuba-berg af oor die hele land versprei sal word. Hierdie vuur word aangesteek by die vlam wat op die berg reeds vir twee jaar aaneen brand, en wat dieselfde vlam is as wat die Voortrekkertjies tydens die Eeufees van 1938 per fakkel van Kaapstad tot in Pretoria gedra het — die simbool van die vryheidsvuur wat daar in elke Afrikanerhart brand.

Die vlam sal van Majuba af brandend gebring word na elke hoofoffisier waar die dag gevier word. By hom word dit dan brandend gehou, en die feesgangers steek hul fakkels daar aan die brand. Presies om nege-uur die aand word 'n groot vryheidsvuur aangesteek, waarin al die brandende fakkels dan gewerp word.

**Die viering sal nie die vorm van 'n gewone feestelikheid aanneem nie. Dit sal iets meer as 'n fees wees. Op daardie dag gaan die Afrikanerdom sy vryheidsregte eis soos sy voorgeslag dit by Paardekraal gedoen het. En daarom is dit nie 'n Ossewabrandwagfees nie, maar 'n geleentheid waartoe die ganse vryheidsgesinde Afrikanerdom opgeroep word. Die Ossewabrandwag sal slegs die organisasie daarvan behartig.**

Waar die volk in 1938 teruggekyk het na sy verlede, daar sal hy op Vryheidsdag die toekoms aanvaar. Dit sal 'n geleentheid wees wat ons toekomstige republiek gaan inlui, en vir die nageslag sal 27 Februarie 1942 die stigtingsdatum van ons Republiek wees — al kom die werklike totstandkoming eers later.

Daar word dan ook verwag dat tienduisende die sentrale fees op Majuba sal bywoon, en dat alle eenhede dwarsdeur die land reëlings sal tref om te sorg dat elke volksgenoot in staat sal wees om deel te neem. Verskeie generaalskappe kan in digbevolkte dele saamtrek in een laer, terwyl kommandantskappe in dunbevolkte dele gesamentlik optree.

Nadere besonderhede sal van tyd tot tyd bekendgemaak word.

## Enkelinge mag ondergaan maar die Afrikanerdom sal Voortgaan

*Vervolg van bls. 1.*

vorm dit een magtige monument. So ook moet ons waardige nasate wees, maar 'n enkeling tel nie, dis die hele Afrikanerdom wat tel. Man, vrou of kind mag ondergaan, maar die Afrikanerdom moet gered word — dis die volk wat tel. Ook in hierdie rol van passiwiteit wat nou gespeel moet word, kan die enkeling ondergaan, maar die volk en Afrikanerdom sal voortgaan.

## LEIDING SAL GEGEE WORD AS REGERING DIENSPLIG INVOER

**Die volgende verklaring is deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, gedoen:**

**Van verskeie kante het offisiere en brandwagte my en die Asst.-Kommandant-generaal genader oor die gerugte dat die Regering die invoering van konskripsie oorweeg. Ons wil die vertroue uitspreek dat daar genoeg verstandige manne is, ook in Regeringskant, om sulke kwaadwillige gerugte te loënstraf.**

**Die Eerste Minister het destyds die Parlement verseker dat die Afrikaners nie vir hierdie oorlog gekommandeer sal word nie. Die Ossewabrandwag wil daardie versekering aanvaar.**

**Brandwagte het die Grootraad gevra wat hul te doen staan as so 'n krisis sou kom. In die vertroue dat die dolle storie ongegrond is, hoef ons op hierdie tydstip nie daarop in te gaan nie.**

**Maar die Ossewabrandwag het die versekering dat die gemobiliseerde Afrikanerdom nie sonder leiding 'n eventuele beproewing sal ingaan nie.**

**Want die Ossewabrandwag glo in die leuse ,,Een vir almal, almal vir elkeen!"**

## DIE BRANDWAG GLO IN BOEREVRYHEID

In 1834-'38 het die ossewa die beskawing ingedra in die binneland — dit was die Groot Trek waarvan die hoofdoel was VRYHEID. Die Voortrekker wou nie alleen vry van Britse oorheersing wees nie, maar vry van enige oorheersing om te kan leef soos 'n Calvinis se gewete van hom vereis. Die politiek sowel as die wette van die vrye republiek wat hy beoog het, moes getoets kan word aan die ewige regsbeginsels van Gods Woord. Die Voortrekker se politiek was die praktiese toepassing van Calvinisme in sy lewe. So was die ossewa die draer van die politiek wat in die latere Boere-republieke toegepas was — 'n allesomvattende politiek gebaseer op sy godsdiens.

Die Boere-republieke ondervind later baie moeilikheid met Engeland — eers beland Natal in Britse hande en daarna selfs die Vrystaat en Transvaal. Die Brit verlang dat die Voortrekkerpolitiek uitgewis moet word van die aardbol, want hierin sien die imperialistiese kapitalis sy ondergang — as hierdie Voortrekkerpolitiek moes bekend raak in die wêreld sou dit die dood van die Britse stelsel beteken.

Die Vrystaat en ook Transvaal het later weer hul vryheid herwin en die Voortrekkerpolitiek is weer toegepas, maar Engeland het net op 'n meer geleë oomblik gewag om daardie Boerevolk letterlik uit te roei en sodoende sy gevaarlike politiek — gevaarlik vir die Imperialistiese kapitalis — vir altyd dood te maak. So trek Brittanje te velde teen die Voortrekkerpolitiek en noem dit by die skeldnaam ,,Krugerisme," maar die Brandwag glo nog in daardie politiek en is net soos Kruger bereid om die grootste offer te bring vir Boerevryheid.

## ,,DIE O.B."-KERSFONDS

**Met opregte dank word die ontvangs van onderstaande bedrae erken:—**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. | 52 | 10 | 4 |
| Vriend, Stellenbosch .. .. .. .. .. | 0 | 10 | 0 |
| Vriend, Worcester .. .. .. .. .. .. | 0 | 5 | 0 |
| Nieuwoudtville Vroue-Kommando | 2 | 11 | 6 |
| Vriend, Stellenbosch .. .. .. .. .. | 0 | 5 | 0 |
| Vriendin, Kamnassiedam .. .. | 0 | 3 | 0 |
| Vriendin, Southfield .. .. .. .. .. | 0 | 7 | 0 |
| Vriend, Worcester .. .. .. .. .. | 0 | 10 | 0 |
| Vriende, Oudtshoorn .. .. .. .. .. | 1 | 5 | 0 |
| Vriende, Windhoek .. .. .. .. .. | 1 | 5 | 0 |
| Vriendin, Langebaan .. .. .. .. .. | 0 | 7 | 6 |
| Vriend, Grikwastad .. .. .. .. .. | 0 | 10 | 0 |
| Loxton (Manne) Veldkornetskap | 2 | 0 | 0 |
| Graaff-Reinet Manne-Kommando | 1 | 1 | 6 |
| Vriend, Montagu .. .. .. .. .. .. | 0 | 5 | 0 |
| V. d. Walt-Veldkornetskap Tamboerskloof .. .. .. .. .. .. | 2 | 4 | 6 |
| Strand Vrouekommando .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Vriende, Strand .. .. .. .. .. .. | 2 | 15 | 0 |
| Vriend, Kaapstad .. .. .. .. .. | 0 | 5 | 0 |
| Malmesbury, Vroue-kommando .. | 2 | 2 | 0 |
| Vriend, Kaapstad .. .. .. .. .. | 0 | 2 | 6 |
| Vriendin, Malmesbury .. .. .. .. | 0 | 3 | 0 |
| Sutherland Vroue-kommando .. | 4 | 0 | 0 |
| Vriende, Kaapstad .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Vriende, Kaapstad .. .. .. .. .. | 1 | 2 | 6 |
| Vriendin, Vlottenberg .. .. .. .. .. | 4 | 5 | 0 |
| Steynsburg, Vriendin .. .. .. .. .. | 0 | 7 | 3 |
| Vriende, Mosselbaai .. .. .. .. .. | 0 | 10 | 0 |
| Aberdeen Kommando .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Uniondale Kommando .. .. .. .. | 3 | 0 | 0 |
| Vriend, Vlottenberg .. .. .. .. .. | 1 | 5 | 0 |
| Vriend, Parow .. .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Manne en Vroue Kommando, Cradock .. .. .. .. .. .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| Vriendin, Seepunt .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Vriend .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 0 | 7 | 0 |
| Vriend, Kaapstad .. .. .. .. .. .. | 0 | 5 | 0 |
| Vriend, Malmesbury .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Vriend, Goodwood .. .. .. .. .. .. | 0 | 10 | 0 |
| Vriendin, Constantia .. .. .. .. .. | 0 | 5 | 0 |
| Vriendin, Franschhoek .. .. .. .. | 0 | 10 | 0 |
| Vriend, Hopefield .. .. .. .. .. .. | 0 | 10 | 0 |
| Vriende, Middleton .. .. .. .. .. .. | 4 | 7 | 4 |
| Vriende, Reitz .. .. .. .. .. .. .. | 15 | 3 | 5 |
| Vriend, Florisbad .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Vriendin, Bloemfontein .. .. .. .. | 0 | 10 | 0 |
| Vriende, Mosselbaai .. .. .. .. .. | 2 | 14 | 0 |
| Tiervlei Kommando's .. .. .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| Vriend, Kuilsrivier .. .. .. .. .. | 0 | 5 | 0 |
| Vriend, Ladismith (Kaap) .. .. | 0 | 5 | 0 |
| O.B. Blaasorkes, Kaapstad .. .. | 1 | 12 | 0 |
| Keimoes Kommando (Vroue) .. | 4 | 0 | 0 |
| Vriend, Otjiwarongo .. .. .. .. .. | 0 | 10 | 0 |
| Besigheids Vriende, Joh'burg .. | 3 | 3 | 0 |
| Mariental Kommando's .. .. .. .. | 8 | 0 | 0 |
| Vriend, Winburg .. .. .. .. .. .. | 0 | 10 | 6 |
| Vriend, Hazenjacht, Kaapstad .. | 1 | 0 | 0 |
| Vriend, Beaufort-Wes .. .. .. .. | 3 | 0 | 0 |
| Vriend, Ceres .. .. .. .. .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| Vriendin, Marydale .. .. .. .. .. | 0 | 17 | 0 |
| Vriend, Edenville .. .. .. .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| Vriendin, Beaufort-Wes .. .. .. .. | 0 | 7 | 0 |
| Vriend, Saints Rest .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Kroonstad Kommando's .. .. .. .. | 9 | 0 | 0 |
| Goodwood Kommando's .. .. .. .. | 4 | 11 | 0 |
| Vriend, Hopefield .. .. .. .. .. .. | 0 | 10 | 0 |
| Vriend, Steynsburg .. .. .. .. .. | 0 | 6 | 0 |
| Vriend, Kaapstad .. .. .. .. .. .. | 0 | 10 | 0 |
| Die Kommandant-generaal .. .. | 5 | 0 | 0 |
| Vriend, Port Elizabeth .. .. .. .. | 0 | 10 | 0 |
| Vriende, Reitz .. .. .. .. .. .. .. | 3 | 13 | 10 |
| Vriend, Oos-Londen .. .. .. .. .. | 0 | 5 | 0 |
| Vriend, Kaapstad .. .. .. .. .. .. | 1 | 1 | 0 |
| Vriendin, Rondebosch .. .. .. .. .. | 2 | 2 | 6 |

# SASBANK

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

LENINGS verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van SASBANK fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK

is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

*Raadpleeg Sasbank.*

PAARL:
Pêrel-Boedelgebou,
Hoofstraat 327, Posbus 266.

KAAPSTAD:
Parlementstraat 32, Posbus 2387.

WORCESTER:
Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

# MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre Mark

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

Beste Heersende Pryse.

*MINNAAR & VAN SCHOOR.*

Eienaar: Gustav Retief.

# MERINO STOETERY

J. H. MOOLMAN.

MERINO — CRADOCK.

TELER VAN SUIWERGETEELDE WANGENELLA RAMME EN GOEIE PLAASRYPERDE.

PRYSE BILLIK!!

# W. VOIGT BPK.,

HUGENOOT.

*Fabrikante van . . .*

*Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.

Posbus 10, Hugenoot.

# DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar: D. D. DE KOCK*

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.

V.M.K. AANBEVEEL.

# BRANDWAGTE ! !

kom
Geniet U Verversings
by die

KARROO KAFEE
WILLOWMORE.

Ondersteun 'n Mede-Brandwag.
Vinnige en Netjiese Bediening.

## DAGBREEK vir die AFRIKANERS STABILIS

Die Nuwe Suiwer Afrikaanse Maatskappy bied sy dienste aan in verband met

- *Koop en verkoop van al u eiendomme*
- *Geldbelegging — Besigheidsadvies*
- *Advertensies en Drukwerk*
- *Versekering (Lewens, Brand, Motor, Ongevalle, ens.)*

**Stabilis-Agentskappe en Beleggins-Maatskappy.**

Ons is Agente vir

DIE KOPERSBOND BPK. IN KAAPLAND.

Flinke bediening en eerlikheid is ons leuse

Foon 30764—Kamer 704/5—Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.

Gaan u na die Universiteit of die Kosskool, al u wasgoed moet gemerk word.

Bestel dadelik 'n NAAMSTEMPEL met onuitwisbare ink, 9/- posvry, en 'n SERVETRING met u naam uitgegraveer vir 7/9 posvry, vanaf

TAFELBERG INDUSTRIEË,
Kohlingstraat 16, Kaapstad.

## AFRIKANERS LUISTER HIER:—

Wil u ook op die skouers van die wêreld gedra en beny word deur die mense rondom u? Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie betrekking en 'n vet Salaris. Ons Kursus is goedkoop en doetreffend; ons waarborg uitstekende resultate. Sewe uitgebreide Gesondheid- en Liggaamsboukursusse word absoluut gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van:

**UNIE-BOEKHOU-KOLLEGE, Posbus 32, ALEXANDRIA.**


## *Geklassifiseerde Advertensies*

### SOUT

SOUT — Spoorweë gee 50 persent op spoorvrag en 20 persent op Bustariewe afslag aan Boere, ons laai onmiddellik, Super Sneeuwit 40/-, No. 1. Sneeuwit 35/-, Wit Veesout 30/-; per ton. Fyn Bottersout 5/6 per sak 200 pd., kontant met bestelling, tevredenheid gewaarborg. J. A. Venter, Florisbad, Bloemfontein.

### KNEG BENODIG

KNEG.—Ongetroude, blanke man vir wynplaas. Vry inwoning; moet vragmotor kan bestuur.—Goeie Salaris. Skrywe aan:
P. C. van Blommenstein,
La Concordia,
Suider-Paarl.

*Uitgegee deur J. A. Smith, Groote Kerkgebou 916, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*

## Kersfees- en Nuwejaarswense

Brandwagte! Deur middel van die O.B. wens ons al die Kliënte opreg te dank vir hul veelwaardeerde ondersteuning gedurende die afgelope jaar. Ons wens u 'n geseënde Kersfees van harte toe, en mag die Nuwe Jaar vreugde en voorspoed bring.

U verdere bestellings sal ons beste aandag geniet. Met egte Boeregroete,

U dienswillige,
J. A. HERHOLDT en SEUNS.
Herholdt se Boomkwekerye,
Posbus 660,
Johannesburg.

---

Kommandante, Offisiere en Brandwagte van Kirkwood, Selbourne, Winterhoek, Sandvlakte, Uitenhage en Alexandria word 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toegewens.

A. L. BELLINGAN, Hoofkomdt.
A. BELLINGAN, Asst. Hoofkomdt.

---

Hoofkommandant P. G. Odendaal en Adj.-Kommandant J. J. Duvenage, Kroonstad, wens langs hierdie weg die Grootraad, die K.G., die A.K.G.'s en alle offisiere en lede van die O.B. 'n geseënde Kersfees en 'n Nuwe Jaar van voorspoed en geluk toe.

---

Die Kommandante, Steenberg-Vroue-kommando, wens hiermee alle Offisiere, Onderoffisiere en Brandwagte 'n baie voorspoedige Nuwejaar toe op die trekpad van Suid-Afrika.

---

Die Vroue-kommando Bellville wens al hulle vriend(inne) 'n gelukkige en voorspoedige Nuwejaar toe. Staan pal!

---

Mnr. en mev. J. P. du Toit wens die Kommandant-generaal, Asst. Kommandant-generaal, mede-Offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

---

**Kersfees 1941. Nuwejaar 1942.**

Die allerbeste wense vir 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar aan ons hoofleier, dr. Van Rensburg, en al die Offisiere en Brandwagte van die O.B.

Mejj. Sophy en Mimmie van Aarde.
Piet Uysstraat,
Humansdorp.

---

Die Direkteure van BAUMANN SE WINKEL (EIENDOMS) BEPERK, CERES, wens hiermee al hul Kliënte, sowel as die hele Publiek van Ceres, hartelik te bedank vir hul vriendelike ondersteuning gedurende die afgelope jaar, en wens hul ook almal 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

---

Kersfees en Nuwejaarsgroete vir ons Komdt.-genl., Asst. Komdt.-genls., Offisiere en Brandwagte, van

Mnr. en mev. C. A. Basson en Boet.
Mnr. en mev. Jan Rossouw, Hendrina en Jannie.
Mnr. en mev. Jan Ras,
Mnr. Jan Ras.
Mej. Tinnie Ras.
Mev. C. W. Basson.
Mnr. en mev. S. S. Walters (Uitvlug).
Mnr. Manie Myburgh.

---

Mnr. en mev. D. Geldenhuys, Wynnestraat, Parow, wens hiermee die Voorsitter en lede van die Grootraad, ons Kommandant-generaal, Asst. Kommandant-generaal, Vroue Adjunk Raad en alle Offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar toe.

---

Die Adjudante, mej. I. Roux, van Vroue-Kommando Papendorp, wens Kommandante, Offisiere en Brandwagte van Kommando, asook al my O.B.-vriende 'n baie gelukkige Nuwejaar toe.

## BEDANKING

Ag. Kommandante, mev. V. Ferguson, van Bellville, wens langs hierdie weg alle Offisiere van die Bellville-kommando hartlik te bedank vir hulle hulp en bystand met die reorganisasie van die Kommando.